

70
71
72
73

19-1-70

165 | 70

G.P.S.

J. 445

In the Supreme Court of South Africa In die Hoogeregshof van Suid-Afrika

(APPEALATE

DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPÈL IN STRAFSAAK.

1. THOMAS COCKIN; 2. SEPTI US JAMES GIRD
Appellant.

versus/teen

THE STATE

Respondent.

Appellant's Attorney G. Goodrich & Son Ltd Respondent's Attorney A. G. (Windhoek)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate T. M. Kuani Respondent's Advocate Dr. P. Venter
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent J. W. Edeling,

Set down for hearing on 21-5-71
Op die rol geplaas vir verhoor op

24.9.

(S. W. A.)

VAN BLERK J.A. HOLMES J.A. CORBETT A.J.

9. 45am - 11am.
11. 20am. - 12.13pm.
12. 13pm. - 12.23pm.

C.A.U.

26-5-1971: per van Blerk A.J.: —
Coffie word tussen die klareel geswing.


REGISTRAR, APPEAL COURT,
CLERK, APPEAL COURT,
WIDDESTEIN.

IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

THOMAS COCKLIN Eerste Appellant

SEPTIMUS JAMES GIRD Tweede Appellant

en

DIE STAAT Respondent

Coram: VAN BLERK, HOLMES A.R.R. et CORBETT Wnd.A.R.

Verhoor: 21 Mei 1971

Gelewer: 26 Mei 1971

U I T S P R A A K.

VAN BLERK A.R.:

Die twee appellante is deur n landdros skuldig bevind aan twee oortredings van Artikel 28(b) van Proklamasie Nr. 17 van 1939 (Suidwes-Afrika) deurdat hul wederregtelik ruwe of ongeslypte diamante gekoop het. Benewens die straf hul opgelê, is by aansoek deur die Staat n bevel gemaak waardeur, benewens die bedrag van R7,400, die totale bedrag van die kooppryse, twee bedrae geld ten bedrae van R800 en R1,700 onderskeidelik aan die Staat verbeurd verklaar. Slegs teen

die verbeurdverklaringsbevel van die laasgenoemde twee bedrae is appèl aangeteken na die Suidwes-Afrika Afdeling. Die appèl het misluk en appellante kom nou in hoër beroep teen die uitspraak van die hof a quo.

Die wyse waarep die eerste appellant en die tweede appellant onderskeidelik in besit gekom het van die R800 en die R1,700 blyk soos volg: n Derde persoon wat die eintlike koper van die diamante was, het aan tweede appellant eers R700 gegee om deur die bemiddeling van eerste appellant onwettiglik ongeslypte diamante te koop. Tweede appellant het die bedrag aan die eerste appellant gegee. Laasgenoemde het twee diamante van n polisielokvink gekoop. Hy het R400 in kontant daarvoor betaal. Die R300 het hy vir homself gehou as kommissie en dit sou ook kon dien as n aansporing om n aantal groter ongeslypte diamante van dieselfde verkoper vir die derde persoon te koop. Hierdie groter diamante is vooraf deur die derde party besigtig. Die verkoper se prys daarvoor was R10,000. Die derde party kon egter nie daarin slaag om meer as R9,200 kontant bymekaar te kry nie. Die

bedrag is deur die derde party aan die tweede appellant oorhandig met die versoek om deur onderhandeling teen die laagste prys te koop. Indien die prys laer as R9,200 sou wees, moet, volgens tweede appellant se verhaal, uit die balans wat oorbly n bedrag tot op R500 aan eerste appellant betaal word. Bly daar meer as R500 oor dan moet sodanige surplus aan die derde party terug gegee word. Die derde party, wat volgens die tweede appellant geregtig sou wees op die R1,700 het egter nie kom getuig nie. Hy sou die beste getuie gewees het wat kon verklaar met watter bedoeling hy die R9,200 in banknote aan die tweede appellant oorhandig het, indien hy dit met 'n onskuldige bedoeling oorhandig het. By ontstentenis aan getuienis ~~sak~~ deur homself is die enigste redelike afleiding dat hy die R9,200 oorhandig het met die bedoeling dat dit in verband met die aankoop van die diamante, wat hy alreeds waardeer het, aangewend sou word. Tweede appellant sé hy het uit die R9,200 aan eerste appellant R7,500 gegee. Die balans, R1,700, het hy in sy besit gehou.

Dieselde dag toe die R7,500 aan eerste appellant oorhandig is, het hy dié namiddag die verkoper

volgens afspraak ontmoet. Hy het ^{reeds} _A daarin geslaag om die verkeper - dit was 'n speurder - skynbaar te beweeg om R7,000 as koopprys te aanvaar. Toe hy 'n papiersak met sewe pakkies banknote daarin aan die speurder oorhandig het die polisie op 'n gegewe teken op hom toegeslaan en hom arresteer.

Eerste appellant het dieselfde agtermiddag toe hy gearresteer is R300 banknote, synde kommissie op die eerste transaksie, en die R500 in banknote wat hy agter gehou het uit die R7,500 - dit is altesaam R800 - in sy huis aan die polisie oorhandig. Ook tweede appellant het dieselfde agtermiddag nadat hy gearresteer is in sy huis die R1,700 in banknote wat hy uit die R9,200 oorgehou het aan die polisie oorhandig. In beide gevalle is die note wat aan die polisie oorhandig is die identiese note wat die derde party aan die tweede appellant oorhandig het.

Dit is gemeensaak dat die landdros vir die uitreiking van die verbeurdverklaringsbevel gesteun het op Artikel 347(3) van die Strafprosesordonnansie, 1963 (Suidwes-Afrika) soos gewysig deur Artikel 39 Van Ordonnansie Nr. 35

van 1965 (Suidwes-Afrika). Dit is dienstig om benewens subartikel (3) ook subartikel (2) van Artikel 347 aan te haal. Dit lui soos volg:

- (2) Die hof wat iemand skuldig bevind aan 'n misdryf wat gepleeg is deur middel van 'n wapen, werktyg of ander voorwerp wat in die hof vertoon word, kan, indien die hof dit goedvind, so 'n wapen, werktyg of ander voorwerp ten gunste van die Staat verbeurd verklaar.
- (3) Die hof wat iemand aan 'n in Deel 1 van die Tweede Bylae genoemde misdryf of aan diefstal, hetso volgens die gemenerg of soos by wet omskryf, of aan inbraak of betreding van 'n perseel met die doel om 'n oortreding te pleeg, hetso volgens die gemenerg of instryd met 'n wetsbepaling, skuldig bevind, kan, indien oortuig dat 'n voertuig of houer of ander voorwerp vir die doel van of in verband met die pleging van die misdryf, of (waar die skuldig-bevinding ten opsigte van die diefstal van goedere geskied) vir die vervoer of verwydering van enige van die gesteelde goedere, gebruik was, bedoelde voertuig of houer, of ander voorwerp, of die regte van die veroordeelde persoon daarop, ten gunste van die Staat verbeurd verklaar: Met dien verstande dat so 'n verbeurdverklaring geen afbreuk doen aan enige regte wat iemand anders as die veroordeelde op die betrokke voertuig of houer of ander voorwerp het nie, indien dit bewys word dat hy nie geweet het dat die voertuig of houer of ander voorwerp vir die doel van of in verband met die pleging van bedoelde misdryf of vir die vervoer of verwydering van bedoelde gesteelde goed in gebruik was of gebruik sal word...../6

word nie, of dat hy sodanige gebruik nie kon verhinder nie."

Artikel 347 (wat enersluidend is aan Artikel 360 van die Strafproseswet, 1955, soos gewysig by Wet 93 van 1963) is deur die Strafproseswysigingsordonnansie, 1965, artikel 39, gewysig deur na die woord "houer" oral waar dit in subartikel (3) (4) en (5) voorkom die woorde "of ander voorwerp" in te voeg.

Soos in die hof a quo is ook hier namens die appellante betoog: eerstens, dat die frase "of ander voorwerp" in artikel 347(3) aan die hand van die "eiusdem-generis" - reëel uitgelê moet word in watter geval dit slegs voorwerpe behels wat van dieselfde aard is as voorwerpe wat deur die voorafgaande woorde as "enige voertuig of houer" bestempel is; tweedens, dat indien die woorde "of ander voorwerp" n meer uitgebreide betekenis dra, dan is volgens die getuienis nie bewys dat die betrokke banknote "vir die doel van of in verband met die pleging van die (oortredings) gebruik was" nie.

Omdat die primêre reëel wat toegepas moet word by die uitleg van 'n wet vereis dat woorde - met inagneming van die verband waarin hul gebruik is, en sonder om blind te staar op die taal alleen wat gebruik word (vgl. Jaga v. Dönges, N.O. and

Another 1950(4) S.A. 653 (A.D.) op bl. 662) volgens hul gewone betekenis verstaan moet word, en die "eiusdem-generis" - reël n inkorting van die algemene strekking van woorde ten gevolge het, moet sodanige inkortende uitleg uit n duidelike bedoeling blyk. Ingeval daar twyfel bestaan oor ~~sodanige~~ bedoeling moet die woorde hul gewone betekenis gegee word, en nie beperk word tot dié van n species van n genus nie. (Vgl. Steyn "Uitleg van Wette" 3de Ed. bl. 31.) Die doel van die latere invoeging van die woorde "of ander voorwerp" is klaarblyklik om die euwel van, onder andere, onwettige diamanthandel meer doeltreffend te bekamp, insoverre verbeurdverklaring n middel is om dié misdaad te bestry. Die gewone betekenis van die subartikel, soos dit staan, gee uiting aan n bedoeling om die net wyer te span. Sodanige bedoeling sou verydel word en die aanvullende woorde kragteloos maak as die "ander voorwerp" n beperkende betekenis gegee word.

Die byvoeglike ~~naamwoord~~ naamwoord "ander" in die begrip "ander voorwerp" se eerste betekenis volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal is: "wat verskil van, onderskeie is

van", en as tweede betekenis word gegee: "bykomend, bowe en behalwe die wat ter sprake is." Hierdie primêre betekenis staan in skrille kontras met dié wat volgens appellante daaraan geheg moet word, naamlik, dat die "ander voorwerp" nie te onderskeie is van, of bykomend is, tot die reeds genoemde voorwerp, nl. voertuig of houer nie. Dit kan seker algemeen aanvaar word dat, soos in die onderhawige gevalle, onwettige diamanthandel gedryf word deur n persoon wat by die sluit van die koop in besit is van kontant wat gebruik word vir die "doel van of in verband met die pleging van die misdryf" soos beoog deur die subartikel. Dit sou dan volg dat die geld n voorwerp uitmaak wat vir gemelde gebruik aangewend word. n Voorwerp wat te onderskei is van, en bykomend is tot n voertuig of n houer.

Die duidelike bewoording van die subartikel laat geen ruimte vir dubbelsinnigheid nie. Dog in die hof a quo, soos hier, is daar wydlopig aangehaal uit beslissings wat die Wet soos dit voorheen gestaan het, vertolk. Aangesien die subartikel nie dubbelsinnig is nie bestaan hier geen ~~hug~~ behoeft om vir die uitleg daarvan toevlug te neem tot die bewoording...../9

bewoording van die Wet soos dit voorheen was, en tot die vertolkings daarvan nie. Wat meer is, daar is ook geen regverdiging vir die byhaling in hierdie geval van die Wet soos dit bestaan het voor die inwerkingtreding van die sub-artikel nie. (Vgl. Ex parte the Minister of Justice: In re Rex v. Masow and Another 1940 (A.D.) 75 op bl. 90 waar Centlivres A.R. sê: "In my view it is not permissible in construing that section to refer to the law that was in existence prior to the enactment of that section unless the section is so ambiguous that it is necessary to refer to such law in order to ascertain the intention of the Legislature." Sien ook die gewysde: Ex parte Minister of Justice: In re Rex v. Demingo 1951(1) S.A. 36 op bl. 44.)

Wat betref die vraag of die banknote in beide gevalle "gebruik" is vir die doel van, of in verband met, die twee transaksies is dit duidelik dat aan eerste appellant die twee bedrae - die R300 en die R500 - betaal is as beloning aan hom vir die pleging van die misdrywe. Wat die banknote

ter waarde van R1,700 wat tweede appellant oorhandig het, betref, is die betoog dat dit nooit aangewend is vir die aankoop van die diamante nie, en omdat dit nooit gebruik is nie kon dit nie verbeurdverklaar word nie. Die landdros het blybaar aanvaar dat tweede appellant die note nie as vergoeding vir homself agtergehou het nie, maar al sou dit n so wees dan bly die feit nog staan, die note is deel van die R9,200 wat die derdeparty aan tweede appellant oorhandig het en, soos reeds aangedui, is die enigste redelike afleiding dat dit aldus oorhandig is vir die aankoop van die diamante; vir dié gebruik is dit afgesonder. Die feit dat as gevolg van tweede appellant se beoefening van sy bedingvermoë al die note nie aan die lokvinkverkoper uitbetaal is nie, is 'n blote toevalligheid wat nie afding op die feit dat die geld beskikbaar gestel was aan tweede appellant om aangewend te word as koopprys vir die diamante, met die doel dus om die misdryf te pleeg. Dit is voldoende "gebruik" soos beoog deur die subartikel.

Dit is nie nodig om uit te wei oor die betoog namens appellante dat in subartikel (2) aan die woorde "of 'n ander" voorwerp noodwendig 'n beperkende betekenis geheg moet word nie, en dat derhalwe konsekwentheidsonthalwe ook 'n beperkende betekenis aan die betrokke woorde in subartikel (3) geheg moet word. Dit is nie nodig om 'n mening uit te spreek oor wat die juiste uitleg van subartikel (2) is nie. Dit is genoeg om te sê dat ooglopend die betrokke woorde in subartikel (2) in 'n totale ander verband gebruik word as dié waarin dit in subartikel (3) geset is.

In Verder grond van appèl geopper, is dat die landdros die diskresie aan hom ingevolge artikel 347(3) verleen nie regterlike uitgeoefen het nie deurdat hy nie oorweging geskenk het aan die moontlikheid dat die banknote weer gebruik sou word by die pleging van 'n misdaad nie, en ook versuum het om inligting in te win ten einde hom in staat te stel om 'n behoorlike diskresie uit te oefen nie. Die punt is nie as sodanig in die hof a quo beredeneer nie, en die landdros het gevolglik ook nie geleentheid gehad om sy

redes in dié verband te verstrek nie. Wat wel n geskilpunt in die landdroshof en die hof a quo was, was dat subartikel (3) regtens die landdros nie die bevoegdheid verleen het om die banknote verbeurd te verklaar nie. Onder die omstandighede kan hierdie Hof nie oorweging aan die aangeleentheid skenk nie.

Die appèl word van die hand gewys.

HOLMES A.R.

CORBETT Wnd.A.R.

} STEM SAAM

P. J. Van Blk